HOF

# 'Intimidasie eerder as crimen injuria'

Deur Johan Eybers | 23 Junie 2019 00:00 | Rapport

Talle regskenners meen die ANC se beskuldigings van "strafregtelike laster" teen die sanger Steve Hofmeyr is verregaande en sal nooit in die hof slaag nie.

Die ANC-woordvoerder Pule Mabe het Woensdag in 'n verklaring gesê die party gaan klagte van crimen injuria teen Steve Hofmeyr indien nadat hy op Twitter oënskynlik Zindzi Mandela-Hlongwane, die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Denemarke en Phumzile van Damme, DA-LP, met die dood gedreig het.

Mabe beskou Hofmeyr se twiets as "rassisties en onmenslik". Hy het gesê hy gaan sy klagte uitstel tot Maandag.

Hofmeyr het Woensdag in 'n twiet aan Mandela-Hlongwane en Phumzile van Damme gerig waarin hy skryf: "En wanneer julle kom om ons lewe en grond te vat, SAL julle sterf."

Dit was in reaksie op Mandela-Hlongwane se tirade teenoor wit Suid-Afrikaners verlede Vrydag op Twitter en Van Damme se twiets Dinsdag dat sy in 'n onderonsie met 'n gesin by die V&A Waterfront in Kaapstad was.

> **"Om aan crimen injuria skuldig bevind te word moet jy kan aantoon dat iemand in sy persoonlike hoedanigheid die waardigheid of die privaatheid van 'n ander persoon doelbewus en onwettig aangetas het."**

Mandela-Hlongwane het wit Suid-Afrikaners gronddiewe en apartheidsapologete genoem wat nes ongenooide gaste "weier om te loop".

Hofmeyr het in reaksie hierop in sy twiet gesê hy is die ambassadeur en die DA-parlementslid se "baas" omdat hy 'n belastingbetaler is.

"Julle SAL spring wanneer ek so sê en julle SAL vra hoe hoog," lui sy twiet.

Van Damme het op haar beurt getwiet hoe sy 'n man uit "selfverdediging" met die vuis teen die kop geslaan het. Van Damme het aangedui sy gaan regstappe teen Hofmeyr begin.

Ulrich Roux, 'n strafregprokureur van Ulrich Roux and Associates in Johannesburg, sê om aan crimen injuria skuldig bevind te word moet jy kan aantoon dat iemand in sy persoonlike hoedanigheid die waardigheid of die privaatheid van 'n ander persoon doelbewus en onwettig aangetas het.

Hy glo dat Hofmeyr se uitsprake nie aan dié definisie voldoen nie, maar dat hy dalk aan intimidasie skuldig kan wees.

Lucien Pierce, mediaregkenner van Phukubje Pierce Masithela-prokureurs in Johannesburg, sê mense is geneig om haatspraak, rassisme en crimen injuria met mekaar te verwar, veral omdat die oortreding van rassisme nog nie uitdruklik in die Suid-Afrikaanse reg omskryf is nie.

"Die vraag is die konteks van Steve se stellings en of dit op ras gegrond is."

Pierce sê hy stem saam dat Hofmeyr homself wel moontlik aan intimidasie skuldig maak.

Prof. Koos Malan, 'n regsdosent aan die Universiteit van Pretoria, sê hoewel Hofmeyr se uitsprake veroordeel behoort te word omdat dit skadelik is vir rasseverhoudings, behoort die fokus eerder op Mandela-Hlongwane te wees.

"Haar uitsprake oor wittes val vierkantig binne die definisie van crimen injuria. Sy skel wit mense uit as diewe. Dit is blatante haatspraak."